



Verwysing: 20201014-8799
Lêerno.: 12/17/9
Navrae: T Cloete

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0007/2020

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde:
Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Gespesialiseerde Leerder- en Opvoeder-
ondersteuningspersoneel, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by openbare
skole

Onderwerp: Viering van Internasionale Skoolbiblioteek- en Nasionale Onderwysermaand

1. Gedurende Oktober 2020, het skoolbiblioteke in Suid-Afrika en regoor die wêreld biblioteek- en inligtingsdienste by skole gevier en bevorder. Dit is ook die maand waarin die ongelooflike rol van onderwysers in die onderrig- en leerproses regoor die wêreld erken en gevier is.
2. Om hierdie twee vorige geleenthede te kan vier, het die Wes-Kaapse Minister van Onderwys besluit om alle skole, onderwysers en leerders van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) te betrek. Leerders sal die geleentheid kry om erkenning te gee aan hul onderwysers of hulle te bedank vir die ongelooflik werk wat hul tydens die Covid-19 pandemie gedoen het, en terselfdertyd ook 'n kans staan om biblioteekhulpbronne vir hul skole te wen.
3. Die Onderwysbiblioteek en Inligtingsdienste, in samewerking met die Kantoor van die Ministerie van Onderwys, sal ses van die WKOD se skole die geleentheid bied om skoolbiblioteekhulpbronne ter waarde van R120 000 te wen.
4. Die uiteensetting is soos volg:
 - Drie sekondêre skole sal elk R20 000 ontvang vir die weninskrywings in Engels, Afrikaans en Xhosa.
 - Drie primêre skole sal elk R20 000 ontvang vir die weninskrywings in Engels, Afrikaans en Xhosa.
5. Die tema van die kompetisie is "My Onderwyser is nes 'n Seekat" (kyk plakkaat wat hierby aangeheg is). Dit gee erkenning aan die verskillende rolle wat onderwysers tydens die onderrig van leerders moet vervul, en soveel te meer tydens die Covid-19 pandemie.

6. Die WKOD moedig alle skole aan om elektronies aan die kompetisie deel te neem. Leerders moet die volgende vrae beantwoord:
- **Beskryf wat jou onderwysers tydens die Covid-19 pandemie vir jou beteken het, en hoe hulle jou en jou klasmaats ondersteun het.**
 - **Wat is die verskillende rolle wat hulle aangeneem het om jou te ondersteun?**
 - **Bewys aan ons hoe die boeke/e-hulpbronne sou help om jou onderwysers se take te vergemaklik.**
7. Die onderwysers moet die briewe en/of aanbiedinge bymekaarmaak en een inskrywing per skool e-pos aan alison.mentor@westerncape.gov.za.
8. Die kompetisie sluit op **Dinsdag, 15 Desember 2020**, en die weners sal telefonies of via e-pos in kennis gestel word.
9. Die suksesvolle skole sal aankondig word, en die prysuitdeling sal op 'n datum plaasvind soos deur die WKOD bepaal.
10. Navrae oor die kompetisie asook die bepalings en voorwaardes kan gerig word aan Timothy Cloete by timothy.cloete@westerncape.gov.za.
11. Die volgende distriksamptenare van die WKOD kan oor skoolbiblioteekdienste gekontak word:
- | | | |
|---------------------|--|-------------------|
| Janine Ontong | Skoolbiblioteekadviseur,
Kaapse Wynland Onderwysdistrik | Tel. 023 348 4657 |
| Lorné Erasmus | Skoolbiblioteekdiensbeampte,
Overberg Distrik | Tel. 028 214 7386 |
| Tirzah Arendse | Skoolbiblioteekdiensbeampte,
Eden en Sentrale Karoo Distrikskantoor | Tel. 044 803 8377 |
| Vernon Koen | Skoolbiblioteekdiensbeampte,
Metro-Oos Distrik | Tel. 021 900 7049 |
| Sinetemba Mdunyelwa | Skoolbiblioteekdiensbeampte,
Weskus Onderwysdistrik | Tel. 021 860 1200 |
12. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes te bring.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2020-11-17